

8

WAT GEE GOD VIR MY? WAT VRA HY VAN MY?

Verbondsvoorregte en verbondsverpligtinge

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet verstaan wat God vir hulle gee en wat Hy van hulle verwag.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat God ons duur gekoop het; en
- dat Hy dankbaarheid verwag.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat God na hulle omsien.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om elke dag in gebed vir God en in gesprekke vir mense dankie te sê.

MEER INLIGTING (1 Johannes 2: 28 – 3: 3)

God noem ons sy kinders, want Hy het ons lief. Dit maak die lewe die moeite werd. Jy hoef nooit te twyfel aan God se liefde nie. Hy sal ons altyd help as Hy dink dit is nodig. Soms wonder ons: Kan ons seker wees van God se liefde? Die antwoord: Ja! Nie net het Hy vir ons die son gegee wat skyn en energie maak vir plante om te lewe en suurstof te produseer vir ons om asem te haal nie, maar Jesus het boonop vir ons aan die kruis gesterf om ons van die sonde en dood te verlos.

Kinders van God is nie gepla oor wat mense van hulle sê of dink nie. Wat God dink, is die belangrikste. Al spot ons maats ons omdat ons nie vuil taal wil gebruik nie en omdat ons respek het vir volwassenes, weet ons dat ons God se kinders is en dat Hy tevrede met ons is. As ons weet dat God ons sy kinders gemaak het, moet ons ook weet dat ons daarom sekere

verpligtinge het om na te kom. God wys elke dag op baie verskillende maniere vir ons dat Hy vir ons lief is – Hy maak ons elke oggend wakker en help ons om op te staan, ons het die voorreg om skool toe te kan gaan, ons kan Sondae kerk toe gaan, Hy gee vir ons ouers, Hy gee vir ons ouers werk dat ons in 'n huis kan bly en kos kan hê om te eet. Ons verantwoordelikheid is om hierdie liefde wat God vir ons gee, ook met ander te deel.

Hoe doen ons dit? Ons deel die liefde wat God vir ons gee met ander mense wanneer ons vriendelik is teenoor hulle, wanneer ons vir dié wat swaarkry bid en hulle help, wanneer ons respek betoon teenoor ons ouers en alle ouer mense.

Dit is ook ons verantwoordelikheid om gehoorsaam aan God te leef en nie dinge te doen waarvoor God Hom vir ons sal skaam nie. Deel van die verantwoordelikheid wat ons het, is om ook eerste te dink wat God wil hê ons moet doen wanneer ons sekere besluite neem. Wanneer God nie deel is van die besluite wat ons neem nie, dan neem ons verkeerde besluite wat selfs tot baie later in ons lewe vir ons probleme kan veroorsaak.

Om God se kind te wees, beteken ook dat ons nie onnodig sal bang wees vir die toekoms nie. 'n Pa wat vir sy kind lief is, los hom nooit alleen nie. Omdat God ons hemelse Vader is, weet ons dat Hy ons nooit alleen sal los nie. Hy is vir ons te lief om dit te doen.

Om God se kind te wees, beteken dat ons soveel voorregte van God af kry. Daarom het ons ook soveel verantwoordelikhede om na die beste van ons vermoë te gaan leef soos God se kinders.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Kaartjies, die helfte van 'n A5-grootte, met 'n letter van die woord DANKBAARHEID op elkeen – D op een, A op 'n ander een, ensovoorts.

KOM ONS BEGIN

- Gooi die kaartjies met die letters van DANKBAARHEID in 'n houer, en laat elke kind 'n kaartjie trek.
- Laat elkeen agterop die kaartjie verskillende dinge neerskryf waarvoor ons dankbaar moet wees en wat met daardie letter begin.
- As A getrek word, word byvoorbeeld geskryf *asem, aandag, apteek, appels*, ensovoorts.
- Neem die kaartjies in en gebruik dit by die afsluitingsgebed.

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer wie verlede week elke dag wanneer hulle huisgodsdienst gehou het, om die beurt Eksodus 20: 1-17 en Matteus 22: 35-40 gelees het saam met die ander Bybelgedeelte.

Kontroleer of hulle die volgende oor die tien gebooie kan onthou:

- Met die tien gebooie gee God vir ons *'n lig om te sien wat reg is en wat verkeerd is.*
- Daarmee herinner Hy ons *aan alles wat ons verkeerd gedoen het.*
- God se wet is die kompas om ons te help *om in die regte rigting te lewe*, sodat ons by ons bestemming kan uitkom.
- God se wet is ook die lig *wat op ons lewens skyn*, sodat ons kan *sien waar ons ongehoorsaam is en verkeerd doen.*
- Sonder God se wet gaan ons *verkeerde dinge doen* sonder dat ons dit eens agterkom.
- Dit is nodig dat ons ons lewens voortdurend sal *meet aan God se wet.*
- Daarom lees ons elke Sondag *die Here se wet* in die erediens.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

God het ons sy kinders gemaak. Dit beteken dat Hy ons Vader is wat vir ons sorg en vir ons baie lief is. Verder beteken dit ook dat God vir ons sekere dinge doen en gee. Hy maak ons elke oggend wakker en gee vir ons die voorreg om skool toe te kan gaan. Hy gee vir ons ouers wat vir ons lief is en sorg dat ons kos het om te eet en klere het om aan te trek.

Wanneer iemand vir ons iets gee, dan sê ons dankie. Ons sê nie net dankie nie, maar ons wys ook dat ons dankbaar is. Dit doen ons deurdat ons dit wat iemand vir ons gee, oppas. So wys ons dat ons bly is daaroor.

Net so moet ons dankbaar wees vir dit wat God vir ons gee. Ons moet ook ons dankbaarheid teenoor Hom wys deurdat ons dit wat Hy vir ons gee, oppas en bly is daaroor. Deel van die manier waarop ons ons dankbaarheid wys, is om dit wat God vir ons gee, met ander te deel, om elke dag te lewe soos wat God van ons vra, en ons nie te steur aan wat ander mense van ons dink en sê omdat ons lewe soos wat Hy van ons vra nie. Wat God van ons vra, is die belangrikste.

IETS INTERESSANT

Lees die inligting by BEGIN SO hierbo terwyl die kinders in hulle boeke volg. Die kinders onderstreep elke hoofgedagte terwyl ons lees. Kontroleer na die tyd of almal die kern as hoofgedagtes geïdentifiseer het.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon die volgende:

- God het ons sy kinders gemaak.
- Hy is ons Vader wat vir ons sorg.
- Ons moet gehoorsaam aan Hom wees.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle die volgende blokkiesraaisel voltooi.


Leidrade

Af

- 1 Ons moet *bid* vir mense wat swaarkry.
- 2 God sal ons nooit alleen los nie omdat Hy vir ons *lief* is.
- 3 God se kinders hoef nooit bang te wees vir die *toekoms* nie.
- 4 Ons moet respek betoon teenoor ons *ouers* en onderwysers.
- 5 Ons is God se kinders, wat beteken dat Hy ons *Vader* is.

Dwars

- 6 God los sy kinders nooit *alleen* nie.
- 7 Wanneer ons bid vir dié wat swaarkry, wys ons dat ons vir hulle *omgee*.
- 8 Ons moet *gehoorsaam* aan God wees.
- 9 Ons moet die liefde wat God vir ons *gee*, met mekaar *deel*.
- 10 Ons moet so lewe dat God Hom nie vir ons *skaam* nie.



BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders saam met hulle ouers 'n lys opstel van minstens vyf verantwoordelikhede wat 'n mens het wanneer jy God se kind is. Hulle kan elke dag tydens huisgodsdienste een verantwoordelikheid op die lys neerskryf. Laat hulle volgende week hierdie lys saambring en dit hanteer by HET HULLE ONTHOU? by Les 9.

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

1. God het ons sy kinders gemaak omdat Hy vir ons lief is.
2. As kinders van God het ons sekere verantwoordelikhede wat ons elke dag moet nakom.
3. Ons moet God nie teleurstel en soos stout kinders leef nie.
4. Kinders van God gee om vir ander mense.
5. Wat God van ons vra, is belangriker as wat mense van ons vra.

AFSLUITING

Bespreek die woorde agterop die kaartjies wat jy ingeneem het, en gebruik dit in die afsluitingsgebed as sake waarvoor dankie gesê word.

VIR DIE KATEGEET

- Reël met die kinders om hulle volgende Sondag buite die konsistorie te ontmoet sodat julle in die konsistorie bymekaar kan kom.
- Reël met die predikant dat die kinders volgende Sondag saam met die kerkraad in die konsistorie bymekaarkom voor die eredienste. Daarna stap die kategeet en die kinders saam met die kerkraad in die kerk in en sit by die diakens tydens die eredienste. Na die eredienste stap die kinders saam met die diakens na die deure toe en hou die sakkies vir die deurkollekte. Daarna sluit hulle saam met die kerkraad af in die konsistorie.
- Wys vir hulle hoe die deurkollekte getel word.
- Laat die kinders saam met die kategeet in die kombuis help waar tee geskink word.